TRIOMF STAALWERKE



# TRIOMFANTELIK OP 50

# TRIOMF-TYDLYN

Belangrikste gebeure die eerste 30 jaar

**1973** – Registreer Triomf Staalwerke as 'n sake-onderneming

**1975**




Trek in by die Kaplanstraat-gebou

**1976**



Betrek 'n gebou in die Huguenot Industriële gebied, 'n kort entjie van hul huidige perseel

**1978** – Eerste projek van groot omvang: Berg River Textiles

**1980**



Koop eerste vragmotor aan

**1985**




Begin Triomf Crane Hire & Rigging

**1994** – Marianna sluit by die Triomf Staalspan aan

**2000** – Marius sluit by die onderneming aan

**2001**



Willie word as die Paarl Sakekamer se Sakepersoon van die Jaar aangewys

**2002** – Vergroot perseel in Kaplanstraat aansienlik

## HERINNERINGE



Madeba-wynkelder, Robertson, 1990



Willie en sy personeel in 1998



Willem Williams



Kromme Rhee, 1980



Moos de Vries



# KORTPAD DEUR 50 JAAR



Die vier direkteure van Triomf Staalwerke 30 jaar gelede. Van links is Willie, Marianna, Marius en Gonny.

Vyftig jaar gelede het Willie du Plessis en sy vrou, Gonny, die deure van Triomf Staalwerke op 'n klein gedeelte van 'n perseel in die Paarl oopgemaak en vasberade die moue opgerol. Mettertyd het hul projekte groter en uitdagender geword, maar dieselfde passie en dryfkrag as 'n halfeeu gelede vuur hulle vandag steeds tot sukses aan.

Willie, 'n gekwalifiseerde passer en draaier, het in die beginjare alles self gedoen – kliënte gewerf, beplan, staalstrukture gebou, geïnstalleer en opgerig. Sy enigste hulp was Willem Williams en Moos de Vries wat daarna nog meer as 20 jaar by Triomf Staal gewerk het.

Gonny het tot 2005 al die boekhouding en administrasie van die huis af hanteer. Hul dogter, Marianna, het sedert 1994 dié verantwoordelikheid met haar gedeel toe sy by Triomf begin werk het.

Gonny is steeds aktief betrokke by dié deel van die onderneming wat Marianna nou bestuur. Hul seun, Marius, het 23 jaar gelede by die maatskappy aangesluit en is gemoeid met die beplanning en bestuur van alle projekte.

Slegs 'n jaar ná Triomf begin sake doen het, het hulle na die huidige perseel in Kaplanstraat, Huguenot, in die Paarl getrek. Dié perseel het, soos die personeel, deur die jare aansienlik uitgebrei.

Alle staalstrukture wat Triomf Staalwerke vervaardig, word in die werkswinkel in Kaplanstraat gemaak. Daarvandaan word dit na die betrokke bouperseel vervoer en opgerig met behulp van spanne wat Triomf deur die jare hiermee bygestaan het.

Triomf gebruik ook hul eie hyskrane vir die oprigting van hul staalstrukture en verhuur sedert 1985 hyskrane vanuit Triomf Crane Hire & Rigging.



Thunder City by die Kaapstad Internasionale Lughawe, 2002



DGB kelder en pakstoor, 2006

# PROJEKTE MET TROTS VOLTOOI

Die afgelope 50 jaar het Triomf Staalwerke hul stempel met trots op 'n magdom bouprojekte in die Boland en omstreke afgedruk. En steeds is daar geen keer aan Willie en sy mense nie. Solank daar geboue gebou word, sal Triomf regstaan om die staalstrukture wat alles staande moet hou noukeurig te beplan en met doelgerigtheid te vervaardig.

Triomf Staalwerke roem hulle daarop dat hulle van uitdagings hou en al verskeie ingewikkelde projekte aangedurf en suksesvol voltooi het. Hul buigsaamheid en kreatiwiteit ken geen perke nie en talle doelgemaakte strukture vir interessante bouprojekte is op hul lang lys spogprojekte.

Dit sluit in winkelsentrums en handelsondernemings met golwende dakke en oorhangstrukture, tientalle ultramoderne wynkelders, reusestrukture van fabrieke en verwerkingsaanlegte, skole met uitsonderlike ontwerpvereistes en vele meer. Vir hulle is elke projek uniek en word met 'n oop gemoed aangepak.

Omdat die Triomfspan 'n onwrikbare kultuur nastreef van eerbaarheid, gehaltewerk en goeie menseverhoudings – met hul kliënte, ingenieurs, boukontrakteurs, argitekte en ander – en hierdie waardes elke dag uitleef, handel hulle projekte met groot sukses af.

Ongeag van wat tydens 'n projek mag gebeur, Triomf Staalwerke sal hulle deur geen onvoorsiene probleme laat onderkry nie. Hulle aanvaar volle verantwoordelikheid vir hul werk van begin tot einde en net die hoogste kwaliteit is goed genoeg.



Alvi's Drift, Worcester



FOTO: VERSKAF

Louisvale, Stellenbosch



L'Ormarins, Franschhoek



FOTO: BPAS ARCHITECTS

Curro Durbanville Hoërskool



Stellenbosch Arterial Road-pypbrug



Dölher South Africa, Paarl



Curro Foreshore, Kaapstad

## ENKELE UITSOEKPROJEKTE DIE AFGELOPE 50 JAAR

### VOEDSELVERPAKKING- EN -VERWERKINGSAANLEGTE

- AECI (Food & Beverages), Epping
- Commercial Cold Storage, Epping
- Dölher South Africa, Paarl
- Foodcan, Paarl
- Freddy Hirsch, Milnerton
- Langeberg Koelstoor, Paarl
- Rhodes Food Group, Wellington
- Rooibostee-verwerkingsaanleg, Nieuwoudtville

### WINKELSENTRUMS

- Checkers Hermanus
- Drakenstein Sentrum, Paarl
- Food Lover's Market, Paarl
- Melkbos Birkenhead Centre, Melkbosstrand
- Richmond Corner Retail Centre, Richwood
- The Sanctuary Shopping Centre, Strand
- The Village Square, Durbanville
- The Village Square, Knysna
- Weskus Mall, Vredenburg

### HANDELSONDERNEMINGS

- Honda Lifestyle Centre, Stellenbosch
- Mercedes-Benz Tokai
- Tiger Wheel & Tyre, Worcester
- Volkswagen Table View, Parklands

### SKOLE EN OPLEIDINGSINSTANSIES

- CPUT Zonnebloem-kampus, Kaapstad
- Curro Delft
- Curro Durbanville Hoërskool
- Curro Foreshore, Kaapstad
- Green School, Paarl
- HTS Drostdy, Worcester
- Reddam House, Somerset-Wes
- Wellington Opleidingskollege

### WYNKELDERS

- Almenkerk, Elgin
- Alvi's Drift Worcester
- Benguela Cove, Hermanus
- Cavalli (perdestalle), Stellenbosch
- Cordoba, Stellenbosch
- Distell, Stellenbosch
- Glenelly, Stellenbosch
- Graham Beck, Paarl
- Hidden Valley, Stellenbosch
- KWV-aanleg, Robertson
- L'Ormarins, Franschhoek
- Louisvale, Stellenbosch
- Madeba, Robertson
- Morgenhof, Stellenbosch
- Neil Ellis, Stellenbosch
- Oldenburg, Pniel
- Plaisir de Merle, Simondium
- Waterford, Stellenbosch
- Wellington Winery

### BRÛE

- Eersterivier-voetgangerbrug, Stellenbosch
- Stellenbosch Arterial Road-pypbrug

### ANDER PROJEKTE

- CCS Logistics, Epping
- Groenpunt-atletiekstadion
- Grootbos Private Game Reserve, Gansbaai
- Keeromdam, Worcester
- Myntoerusting vir kliënte in Gaboen en Ghana
- SSK (Sentraal-Suid Koöperasie), Swellendam
- Thunder City, Kaapstad Internasionale Lughawe



SSK (Sentraal-Suid Koöperasie), Swellendam

# DIE WENSPAN



Die ambagspersoneel op 'n staalbalk in die werkswinkel in Kaplanstraat, Paarl

Afgesien van die gesin se noue betrokkenheid by elke projek, is Triomf Staalwerke se sukses ook te danke aan hul lojale span van sowat 50 mense wat meestal langer as 'n paar dekades by Triomf werk. Elke personeellid se besondere vaardighede vorm 'n integrale deel van die goed-geoliede masjien waarmee die onderneming projekte aanpak en voltooi.

Dit sluit in projekbeplanning en -bestuur, tekenaars- en bourekenaarsdienste, gehaltebestuur, produksie, aankope, finansiële bestuur, kliëntewerwing en -bestuur, veiligheid en gesondheid, en administrasie.

Die personeel se vaardighede word voortdurend met bykomende opleiding geslyp. Die ambagsmanne in die werkswinkel het almal onder die maatskappy se leiding hul vakmanskap bekom en is vandag uitblinkers en staatmakers.

By Triomf Staalwerke word daar ook na die geestelike welsyn van personeel omgesien.

Elke oggend voor die span met hul dagtaak begin, word daar oggendgodsdiens gehou wat die werknemers self reël en wat enigeen kan bywoon. Hulle glo dit dra by tot hul samehorigheid, toewyding en sukses.



Installering by Curro Foreshore, Kaapstad



Jack Abrahams (werkswinkelvoorman), Ananja Peyper (kantoorassistent) en Carl Titus (aankoper)



Alle staalstrukture word in die werkswinkel in Kaplanstraat gemaak





Die vier direkteure van Triomf Staalwerke is (van links) Marius, Gonny, Willie en Marianna

## AAN DIE VOORPUNT

Triomf Staal het nog altyd nougeset tred gehou met die jongste tegnologie, nie net in die bestuur van hul onderneming nie, maar ook wat toerusting in hul werkswinkel en tekenaarskantoor betref. Willie glo dit is noodsaaklik vir gehaltewerk en om mededingend te kan bly. Hy het byvoorbeeld een van die eerste selfone besit en het vandag steeds dieselfde nommer.

Gonny het aanvanklik alle boekhouding en administrasie met pen en papier gedoen en elke week die werkers met loonsakkies vol kontant betaal. Die oomblik toe rekenaars en boekhousagteware egter beskikbaar word, het sy kursusse gaan volg en sedertdien bly hulle in pas met die jongste beskikbare tegnologie.

Sedert rekenaartegnologie vir tekenaars beskikbaar geword het, kan hulle alles soveel vinniger en akkurater afhandel, uitdruk en elektronies met ingenieurs en ander deel, eerder as om planne en berekenings tydsaam met die hand te doen.



Triomf bly met nuwe tegnologie by



Albert Roukema, bourekenaar



Die span tekenaars is (van agter) Michael Johnson, Rodney May en Henk Jooste



Staalbalke gereed om gesaag en geboor te word




Voltooide staalstrukture word opgelaai om geïnstalleer te word



Marius de Beer (projekbestuurder), Frank Burger (gesondheids- en veiligheidsbeampte) en Ernie September (terrein-kwaliteitsbestuurder)


CCS Logistics, Epping


SFW Wellington, 1997


Drakenstein Sentrum, Paarl


Groenpunt Atletiekstadion


Eersterivier-voetgangerbrug, Stellenbosch


Tiger Wheel & Tyre, Worcester


Louisvale, Stellenbosch


Rhodes Fruit Group, Wellington


Honda Lifestyle Centre, Stellenbosch

**MET DANK** Triomf Staalwerke is dankbaar vir al die boukontrakteurs en vennote wat die maatskappy deur die jare met hul projekte vertrou het, en die goeie gesindheid en samewerking van die betrokke bourekenaars, argitekte en ingenieurs. Bowenal gee hulle alle eer aan God vir Sy volgehoue seën en genade die afgelope 50 jaar.

VOORBLADFOTO: DANIELA ZONDAGH VIR GASS ARCHITECTURE STUDIOS

TRIOMF
STAALWERKE

021 862 1630
ADMIN@TRIOMFSTAAL.CO.ZA
WWW.TRIOMFSTAAL.CO.ZA